# Karoo-Kikkers

(Uit: Goue Lint my storie begint: Tafelberguitgewers)

Kikkerland is op Kransplaas in die Karoo.
elke dag as die son skyn, sit die kikkers on 'n
stokou karee by die diep, koel kuil op die klippe en kik.

Snags, as die maan op sy rug in die kuil dryf, sit
hulle in die biesies in 'n kring en sing in die kikkerkoor.
Die klein kikkertjies klik-kliek-klik, klik-kliek-klik.
Pappa-Kik en Mamma-Kik kwaak. Oupa-Kik maak
sy keel dik en kra-a-a-k .... kra-a-a-k kontrabas.

Klein Hikkie-Kwik wip na Oupa-Kik se sitklip en vra:
"Oupa-Kik, hoekom staan ou Reier altyd op een been
in die vlak water van die kuil?"

"Ek wag en wag en wag en jy vra nou eers " sê
Oupa-Kik. Hy loer alkante toe en fluister toe asof hy
bang is iemand luister: "Slim ou Reier staan op een
been in die vlak water van die kuil om klein kikkertjies
te kul. Hulle dink s lang, dun been is sommer 'n rietjie.
En as hulle naby kom – SWIEP!"



"Swiep, Oupa-Kik?"
"Ja-a-a, Dan rek hy net sy lang sweepnek en hy
kry 'n kikkertjie met sy snawel beet!"
"En dan, Oupa-Kik?"
"O-o-o, Dan sluk hy die klein kik in!" Oupa-Kik maak sy
keel dik en sy oë rek groot. "Julle moet mooi loop vir ou
Reier. Hier in die droë Karoo vang ou Reier
koggelmanders en kewers, krieke en kwarteltjies,
kiewietkuikens en klein kelkiewyntjies, as hy hulle kan
kry. En kikkertjies!"
Hikkie-Kik wip *plieps*! in die koel kuil in. Al die ander
kikkertjies moet eers hoor wat Oupa-Kik gesê het:

"Klik-kliek-klik," klik die kikkertjies –
"KIK!
Die kikkies moet vir Reier Skrik!"

Daardie aand dryf die goue maan op sy rug in die
diep, koel kuil. Die kikkertjies sit op die koorklip.
Hulle sit in 'n kring en sing:
"Ou Reier, ou Reier Rietjiebeen,
ou Reier met sy sweepnek,
ou Reier , ou Reier met sy Rietjiebeen
het mos mooitjies sy nek verrek!"

Die klein kikkertjies klik-kliek-klik, klik-kliek-klik.
Pappa-Kik en Mamma-Kik kwaak. Oupa-Kik maak sy
keel dik en kra-a-a-k ... kra-a-a-k kontrabas.
Hulle sing tot die son opkom.